Sanlam

pensioenversterker

Versekering | Finansiële Beplanning | Aftrede | Beleggings | Welvaart

U is reeds ‘n lid van die Central Retirement Annuity Fund (die Fonds). U doen namens die Fonds aansoek vir die wysiging van die polis by Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens). Die polis is ‘n versekeringspolis, en word gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998. Die polis is ‘n kontrak tussen die polishouer (die Fonds) en ons.

As lid van die Fonds kan u by aftrede 'n enkelbedrag van tot een derde van die uittredingannuïteitspolisuitbetaling ontvang. Hierdie uitbetaling kan gedeeltelik of ten volle belastingvry wees. Die ander twee derdes word as 'n maandelikse belasbare pensioen aan u betaal.

PensioenVersterker is 'n suiwer spaarvoordeel wat by die bestaande uittredingannuïteitspolis op u lewe gevoeg word. U verhoog eenvoudig u bydraes, wat weer die uittredingannuïteitspolisuitbetaling (die enkelbedrag sowel as die maandelikse pensioengedeelte) verhoog. En u kan belasting bespaar (tot 40% van u bydraes afhangende van u persoonlike belastingsituasie).

Belangrike nota

Hervat herhalende bydraes

Daar is ‘n aantal voordele as u die herhalende bydrae van die bestaande polis op u lewe hervat in plaas daarvan om ‘n nuwe polis uit te neem. Sommige hiervan is:

- Spaar die polisfooi op die nuwe polis.
- Die waarde vir geld oor die volle termyn behoort beter te wees vir ‘n verhoging op ‘n bestaande polis as op ‘n nuwe polis.
- Die gerief om met een polis te handel.

Dit is egter belangrik om te weet dat as u hierdie polis voor die opsiedatum beëindig of die bydrae verminder of staak, die vroeë beëindigingswaarde of volopbetaalde waarde (ten opsigte van die bydraeverhoging) minder behoort te wees as die vroeë beëindigingswaarde of volopbetaalde waarde indien u die bydraeverhoging in ‘n nuwe polis belê het.

Beleggingstoedeling

Die bydrae, minus heffings, sal belê word in ooreenstemming met die bestaande beleggingstoedeling.

Waarde van die polisbelegging

Die waarde van die polisbelegging is die aantal eenhede vermenigvuldig met die verkoopprys. Die verkoopprys word nie gewaarborg nie en kan mettertyd vermeerder of verminder.

Polisheffings

Sanlam Lewens gebruik polisheffings om onder andere polisuitgawes, wat van tyd tot tyd kan verander, te betaal. Daarom kan Sanlam Lewens van tyd tot tyd, buiten die verhoging met die inflasiekoers, enige van die polisheffings wat volg, verander, en ook die manier waarop Sanlam Lewens enige van hierdie polisheffings verhaal, verander.

'n Polisfooi word maandeliks verhaal deur middel van die kansellering van eenhede ter waarde van die polisfooi, en dit word van die waarde van die polisbelegging afgetrek. Hierdie polisfooi kan jaarliks styg, soos deur Sanlam Lewens bepaal, om tred te hou met inflasie. Die polisfooi is tans R12.00 per maand vir polisse met intreedatums voor Februarie 2004, en R17.00 per maand vir polisse met intreedatums daarna.

Ons verhaal 'n maandelikse heffing voordat u bydrae belê word. Die soort en omvang van die heffing hang af van die uittredingannuïteitspolis se aanvangsdatum. Die volgende voorbeelde toon aan hoeveel van u PensioenVersterkerbydrae uiteindelik belê word ná aftrekking van hierdie heffing(s). Ons voorbeelde is gegrond op 'n uittredingannuïteitspolis met 'n oorblywende termyn van 10 jaar. Vir uittredingannuïteitspolisse met ander bydrae-bedrae en termyne, sal hierdie heffings verskil.

Vir uittredingannuïteitspolisse met aanvangsdatums tussen Mei 2002 en Februarie 2004:

Bydrae	R150.00
minus: bemarkings- en administrasieheffing	R6.33
Bedrag beskikbaar vir belegging	R143.67

Bydrae	R250.00
minus: bemarkings- en administrasieheffing	R10.54
Bedrag beskikbaar vir belegging	R239.46

Bydrae	R300.00
minus: bemarkings- en administrasieheffing	R12.65
Bedrag beskikbaar vir belegging	R287.35

Wanneer die herhalende bydrae met toekomstige bydraegroei verhoog, sal die heffings op elke toekomstige herhalende bydraeverhoging in dieselfde verhouding as die verhoging in bydrae verhoog.

Vir uittredingannuïteitspolisse met aanvangsdatums na Februarie 2004:

Bydrae	R150.00
minus: premieheffing	R3.75
Bedrag beskikbaar vir belegging	R146.25

Bydrae	R250.00
minus: premieheffing	R6.25
Bedrag beskikbaar vir belegging	R243.75

Bydrae	R300.00
minus: premieheffing	R7.50
Bedrag beskikbaar vir belegging	R292.50

Wanneer die herhalende bydrae met toekomstige bydraegroei verhoog, sal die heffings op elke toekomstige herhalende bydraeverhoging in dieselfde verhouding as die verhoging in bydrae verhoog.

Bemarkingsfooi

'n Bemarkingsfooi van 0.6% per jaar (vir polisse uitgereik vanaf 1 Februarie 2004 tot 5 Februarie 2006) en 0.42% per jaar (vir polisse uitgereik vanaf 6 Februarie 2006) word maandeliks verhaal deur eenhede te kanselleer. Hierdie heffing word bereken as 'n persentasie van die waarde van die polisbelegging in daardie stadium. Hierdie fooi is nie van toepassing op polisse uitgereik voor Februarie 2004 nie.

Waarborgheffing

Indien die polis in een of meer beleggingsfondse wat ‘n waarborg het, belê is, sal die waarborgheffing vir hierdie beleggingsfondse onveranderd bly. Verwys asseblief na die polisdokument vir waarborgheffing(s), indien enige, wat van toepassing is op hierdie uittredingannuïteitspolis.

Kommissie

Kommissie word slegs op die verhoogde deel van u bydrae bereken (d.i. die verskil tussen u vorige hoogste maandelikse bydrae, en u nuwe maandelikse bydrae).

Kommissie word nie addisioneel tot die heffings wat reeds genoem is verhaal nie. ‘n Deel van die heffings betaal vir die kommissie.

- Polisse met aanvangsdatums voor 6 Februarie 2004:

Vir 'n bydraeverhoging van R100 per maand met 'n oorblywende termyn van 10 jaar word kommissie van R342 in die eerste jaar en R114 in die tweede jaar betaal.

- Polisse met aanvangsdatums op of na 6 Februarie 2004:

Vir 'n bydraeverhoging van R100 per maand met 'n oorblywende termyn van 10 jaar word kommissie van R360 in die eerste jaar en R120 in die tweede jaar betaal.

Die maksimum kommissie betaalbaar op elke toekomstige bydraeverhoging sal ‘n soortgelyke of kleiner verhouding van die verhoging in bydrae wees, afhangende van die uitstaande termyn op verhogingsdatum. Na die opsiedatum mag tot ‘n maksimum van 3% van elke bydrae as kommissie betaal word. Hierdie kommissie sal slegs betaal word wanneer elke bydrae gemaak is.

Beleggingshersieningsooreenkoms tussen die versekerde lewe en die Fonds

Afgesien van kommissie, kan hierdie polis ook onderhewig wees aan ‘n beleggingshersieningsfooi. Hierdie fooi word onderhandel tussen die versekerde lewe en die tussenganger. Dit word van die waarde van die polisbelegging verhaal by wyse van ‘n onttrekking en maandeliks, deur Sanlam Lewens namens die Fonds, aan die tussenganger wat die (deurlopende) advies voorsien, betaal. Dit is ‘n gespesialiseerde diens wat addisioneel is tot, en nie deel is nie van, die dienste waarvoor ons kommissie betaal.

Veronderstellings vir illustratiewe waardes

Die illustratiewe waardes wat in ons uitnodiging verskaf is, word nie gewaarborg nie en moet geensins as ‘n akkurate voorspelling beskou word nie. Hierdie illustratiewe waardes behoort slegs as ‘n hulpmiddel by finansiële beplanning gebruik te word. Die werklike beleggingsopbrengs wat verdien word op die huidige waarde van die polisbelegging, plus toekomstige herhalende bydraes, minus alle werklike polisheffings, sal afhang van die bruto beleggingsopbrengs en die mate waarin hierdie opbrengs deur lewensversekeraarsbelasting en heffings verminder word. Die veronderstelde illustrasiekoerse word bereken voordat die heffings verhaal is, maar na lewensversekeraarsbelasting.

Uitwerking van inflasie

Die bruto beleggingsopbrengs sal afhang van toestande in die finansiële mark en die inflasiekoers gedurende die polistermyn. Twee stelle illustratiewe waardes word verskaf om die groot invloed van inflasie op beleggingsopbrengste aan te dui. Oor die algemeen lei hoër inflasie tot hoër beleggingsopbrengste, en laer inflasie tot laer beleggingsopbrengste.

Polisvoordele moet gemeet word teen die koopkrag van geld wanneer voordele betaal word. Die reële opbrengs is die koers waarmee die opbrengs inflasie oorskry. Die gemiddelde vlak van inflasie oor die laaste 3 kalenderjare wat eindig Desember 2013 was ongeveer 5.7% per jaar. Onder hierdie omstandighede sal beleggingsopbrengste waarskynlik nader wees aan die waardes wat deur die lae inflasie-scenario aangedui word.

Uitwerking van lewensversekeraarsbelasting

Beleggingsopbrengste is onderhewig aan lewensversekeraarsbelasting, maar die veronderstelde illustrasiekoerse van 6.5% en 13% per jaar, is nadat enige toepaslike lewensversekeraarsbelasting afgetrek is.

Na gelang van die belastingstatus van die polishouer, betaal versekeringsmaatskappye verskillende belastingkoerse op beleggingsopbrengste. Die effektiewe belastingkoerse kan ook tussen versekeringsmaatskappye verskil, na gelang van hul vlak van uitgawes. Byvoorbeeld, die effektiewe belastingkoerse op inkomste en kapitaalwins op die bruto beleggingsopbrengste is tans 0% per jaar vir aandelefondse, 0% per jaar vir gebalanseerde fondse en 0% per jaar vir geldmarkfondse.

Wysigingsfooi

'n Wysigingsfooi sal verhaal word wanneer

- 'n vroeë aftreevoordeel geneem word
- die herhalende bydrae verminder word
- die betaling van herhalende bydraes gestaak word
- 'n oordrag na 'n ander uittree-annuïteitsfonds gedoen word.

Ons mag ook 'n wysigingsfooi aftrek vir wysigings wat nie hierbo genoem word nie. Ons sal die wysigingsfooi kwoteer wanneer so 'n wysiging versoek word.

Nie-betaling van bydraes

Indien u ophou om bydraes te maak en die volopbetaalde waarde (die waarde van die polisbelegging minus 'n premiebeëindigingsfooi) is minder as R70.00 (hierdie minimum verhoog van tyd tot tyd), verval die polis. Anders word die polis volopbetaald gemaak.

Staking of vermindering van bydraes

Daar is 'n grasietydperk van 15 dae indien u bydraes maandeliks gemaak word. Indien u bydraes jaarliks gemaak word, is die grasietydperk 35 dae.

Indien u bydraes nie binne die grasietydperk betaal word nie, kan die waarde van die polisbelegging met 'n wysigingsfooi verminder word. Dit sal egter net gebeur indien die oorblywende waarde van die polisbelegging voldoende is om die uittredingannuïteitspolis tot die einde van die aanvanklike termyn in stand te hou. Indien nie, sal die polis verval. Die wysigingsfooi word in die polisdokument verduidelik.

Onthou asseblief dat wanneer bydraes tot hierdie uittredingannuïteitspolis voor die opsiedatum, wat slegs vanaf ouderdom 55 kan wees, gestaak word, 'n wysigingsfooi gehef sal word en die uitkeervoordele verlaag sal word. Die omvang van die verlaging hang af van wanneer u bydraes gestaak word. Die waarde van die polisbelegging sal slegs op of na die opsiedatum betaalbaar wees.

Indien u u bydraes verminder, hang die mate waarin die voordele verlaag word, af van die bedrag waarmee die bydrae verminder word, en wanneer u dit verminder.

Bydraegroei

U herhalende bydraes sal jaarliks met Sanlam-inflasie verhoog. Outomatiese jaarlikse bydraegroei sal vertraag word vir 'n periode van ten minste 12 maande wat volg op die herstelling. Bydraegroei sal op u oorspronklike polisverjaardag plaasvind.

'n Bydraegroeikoers van 5% is in die volgende tabel veronderstel. Die werklike bydraegroeikoers sal bepaal word deur die toekomstige Sanlam-inflasiekoers ten tye van groei. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die effek van bydraegroei op herhalende bydraes.

Duur in jare	Herhalende bydrae		
	R150.00	R250.00	R300.00
1	R157.50	R262.50	R315.00
2	R165.38	R275.63	R330.75
3	R173.65	R289.41	R347.29
4	R182.33	R303.88	R364.66
5	R191.45	R319.07	R382.89
10	R244.34	R407.22	R488.68
15	R311.85	R519.73	R623.70
20	R398.00	R663.32	R796.03

Nakoming van Regulasie 28

Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 vereis dat spaargeld vir aftrede beskerm moet word. Om hierdie rede beperk die regulasie die blootstelling van aftreefondspolisse aan verskillende bateklasse. Die maksimum beperkings is tans, onder andere, 75% in aandele, 25% in buitelandse bates, 25% in eiendomsbates en 10% in verskansingsfondse. Dit is noodsaaklik vir aftreefondspolisse om aan die beperkings van Regulasie 28 te voldoen.

Sommige beleggingsfondse voldoen aan Regulasie 28, wat beteken dat die batebestuurders van daardie fondse verseker dat die fondse altyd die beperkings van Regulasie 28 nakom. As ‘n aftreefondspolis oor slegs fondse wat aan Regulasie 28 voldoen beskik, of ‘n leeftydbeleggingsopsie het, sal die polis altyd Regulasie 28 nakom.

As ‘n aftreefondspolis een of meer beleggingsfondse het wat nie Regulasie 28 nakom nie, kan markbewegings tot gevolg hê dat die batetoedelings van die polis die limiete oorskry wat deur Regulasie 28 bepaal word. Om hierdie rede is ons verplig om die polis gereeld te monitor om te bepaal of dit steeds aan Regulasie 28 voldoen. As die polis nie meer voldoen nie, sal ons die versekerde lewe in kennis stel oor die vereiste aksies om die batetoedeling te herbalanseer asook die gevolge as dit nie gedoen word nie.

Beleggingsfondse

Sanlam Lewens mag die bates in die beleggingsfondse vir transaksies soos skriplenings aanwend. Enige inkomstes of verliese voortspruitend uit hierdie transaksies is vir Sanlam Lewens se eie rekening, en sal nie die voordele waartoe polishouers onder hierdie polis geregtig is, beïnvloed nie.

Sommige beleggingsfondse mag in een of meer van die bestuurde bateklasse belê om sodoende die diversifisering van hierdie beleggingsfondse te verbeter. Bestuurde bateklasse sluit onder andere verskansingsfondse, beursverhandelde fondse, eiendomsbeleggings, private aandelebeleggings, afgeleide instrumente en krediet-geleikanale in. Die bestuurders van hierdie bestuurde bateklasse, wat maatskappye binne die Sanlam-groep mag insluit, trek hulle bestuursfooie en -uitgawes direk van die beleggingsopbrengste af. Hierdie aftrekkings word dus nie in die aangeduide heffings ingesluit nie.

Professionele vrywaringsversekering

Sanlam Lewens beskik oor professionele vrywaringsversekering.

Eiseprosedure

In die geval van ‘n eis, stel Sanlam Lewens asseblief so gou moontlik in kennis. Om die nodige eisvorms te verkry en te verseker dat al die vereiste inligting verskaf word, tree met Sanlam Lewens se Eise-inbelsentrum by (021) 916-1710 in verbinding. Afhangende van die aard van die eis, sal dokumentêre bewyse (byvoorbeeld ‘n doodsertifikaat of mediese verslag) vereis word.

Afkoelperiode

Sodra u aansoek geprosesseer is, sal u ‘n periode van 30 dae hê om die polisdokument te bestudeer en te besluit of u met die wysiging wil voortgaan. Indien u nie met die wysiging wil voortgaan nie, kan u dit kanselleer deur ons binne hierdie periode skriftelik in kennis te stel. Ons sal dan enige bydraes wat u reeds as gevolg van die wysiging gemaak het, terugbetaal. As die bates waarin die bydraes belê is in waarde verminder het, of as u alreeds voordele van die polis ontvang het sedert die wysiging in werking getree het, sal ons die bedrag wat terugbetaal moet word dienooreenkomstig verminder.

U sal nie die wysiging kan kanselleer as u ‘n belastingsertifikaat daarvoor ontvang het, of as die geld oorgedra is van ‘n aftreefonds en daardie fonds is nie bereid om die stand van sake terug te verander nie.

Vervanging

Dit is waarskynlik nie in u belang om, geheel of gedeeltelik, ‘n bestaande finansiële produk te kanselleer of bydraes daarop te verminder om geld in hierdie polis te belê nie. Dit is belangrik dat u die invloed wat dit op u finansiële beplanning mag hê, sal verstaan. Onder die potensiële implikasies, koste en nagevolge van so ‘n vervanging, waar van toepassing, tel die volgende:

- betaling van nuwe heffings;
- die invloed van verhoogde ouderdom op bydraes;
- toekomstige onversekerbaarheid (indien van toepassing);
- aanwending van gesondheidsbeladings (indien van toepassing);
- verlies van dekking (indien van toepassing);
- nuwe wagtydperke vir voordele (indien van toepassing);
- verandering in beleggingsrisiko;
- herwinning van onverhaalde uitgawes ingevolge die vervangde polis;
- verlies van belastingvoordele (indien enige).

Dis maklik om vir PensioenVersterker aansoek te doen

U kan óf:

- Ons kontak op 0860 22 33 90 vanaf Maandae tot Donderdae tussen 08:30 en 17:00, en Vrydae tussen 08:30 en 16:00.
- U Sanlam-adviseur of u makelaar kontak. (Skakel 0860 22 33 90 indien u nie ‘n Sanlam-adviseur of ‘n makelaar het nie.)

Navrae

By Sanlam weet ons dat 'n finansiële maatskappy niks is sonder 'n goeie reputasie en tevrede kliënte nie. Indien u meer inligting oor die Fonds of oor PensioenVersterker verlang, of indien u onvoldoende diens of ongepaste advies ontvang het, skakel asseblief ons Kliëntekontaksentrum by 0860SANLAM (0860 726 526) of stuur 'n e-pos aan ons by stratus@sanlam.co.za. Ons Nakomingsafdeling kan by dieselfde telefoonnommer gekontak word.

'n Afskrif van die Fondsreëls is by die Sanlam Kliëntekontaksentrum verkrygbaar. Ongelukkig is die koste hiervan vir u rekening.

Die Fondsreëls is ook beskikbaar (kosteloos) op die Internet by http://www.sanlamlife.co.za.

Notas:

Indien u op u eie met hierdie transaksie voortgaan, aanvaar ons dat dit nie op die advies van ’n Sanlam-adviseur of ‘n makelaar gebaseer is nie.

Alle verwysings na Sanlam Lewens dui op Sanlam Lewensversekering Beperk. Sanlam Lewens is ‘n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer.